# Wennerwoorde 8 van 2025

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

**Hoe begin ons dink soos wenners?**

*"As jy die resultate wil verkry wat wenners vekry, moet jy eers dink soos 'n wenner dink"*

1. Jy word nie as 'n WENNER gebore nie, maar word 'n wenner deur wat jy glo.
2. Jy is, wat jy dink jy is. (*Noman Vincent Peale het gesê: Verander jou gedagtes en jy verander jou wêreld.)*
3. Elke kind in ons skool kan self besluit of jy positief wil wees en 'n WENNER wil word.
4. Daar is geluk in elke ongeluk. (Is die glas half leeg of half vol?)
5. Hoe jy dink en waarin jy glo, is 'n keuse.
6. Daar bestaan nie so iets soos 'n nederlaag (verloorder), voordat jy nie self besluit het, ek het verloor en gaan nie verder probeer nie.
7. Alle kinders beskik oor die vermoë om in minstens 1 aspek van hul lewe uit te blink.
8. Gee jou drome vlerke, moenie klein dink nie, dan gaan jy klein suksessies behaal.
9. Sukses kweek sukses. Ons werk aan ons kinders se gesindheid, want 'n wenner wil sukses behaal.

***EK IS 'N WENNER DEUR JESUS CHRISTUS WAT MY KRAG GEE.***

## ATLETIEK

Ons atlete het weereens geskitter by Saterdag, 8 Maart 2025 se MUSSA byeenkoms. Spesiale gelukwense aan die volgende atlete wat deurgedring het en eersdaags aan die SA Atletiek Kampioenskappe gaan deelneem:

- Amé Schneider
- Linke Schneider
- Ziné van den Heever
- Morné van Zyl
- Miané Bester
- Mione Joubert

Julle het uitstekend presteer en Laerskool Secunda se naam hoog gehou.

Ons hou styf duime vas vir julle!

## Vakansiedae in Kwartaal 1

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | 21 Maart | Menseregtedag |

Die skool sal op Donderdag, 20 Maart 2025 om 12:00 sluit vir die langnaweek.




**Nasorgsentrum sal gesluit wees vir die Vakansiedag 21 Maart 2025**

## RUGBY

Rugby uitslae: Laerskool Klipfontein

0/9 Sec 10 - 5 MPS
Sec 10 - 5 Klipfontein
0/10 Sec 10 - 5 RCS
Sec 15 - 20 Klipfontein
0/11 Sec 45 - 0 RCS
Sec 5 - 0 Klipfontein

Rugby tuis uitslae: Laerskool Goedehoop

0/9 wen 17 -14
0/10 wen 28 -19
0/11 wen 7 - 0
2de Span verloor 36 - 0
1ste Span verloor 43 - 10

Baie sterkte aan die 0/9, 0/10, 0/11 en 1ste span wat 15 Maart aan die Dellies sportfees deelneem.

## REDENAARS TROTS

Hoëveldgroep Redenaars vir Afrikaans Huistaal is op 12 Maart by ons skool aangebied.

Ons is baie trots op elke deelnemer. Van ons leerlinge het puik presteer.

Die uitslae is as volg:



Gr. 1-3

1ste – Mia Zwart
2de – Yva van Schalkwyk

Gr. 4-5

1ste – Ziné van den Heever

Gr.6-7

1ste – Alandri Bezuidenhout

Nogmaals baie geluk !
Sterkte vir die res van die kompetisies!



## NETBAL

Baie sterkte aan die o/10 – 0/13 A en B netbaldogters wat die naweek aan Delmas se rondomtaliedag gaan deelneem.
Gee julle beste en geniet die dag!

## DANS

Baie geluk aan ons dansers se puik prestasies by die Hoëveld kompetisie wat Saterdag, 8 Maart plaasgevind het. Ons is baie trots op elke danser.

Ons wil ook al die dansers sterkte toewens vir die danskompetisie en werkswinkel wat Saterdag, 15 Maart by Laerskool Goedehoop plaasvind. Ons weet dit sal baie goed gaan.

Dans julle harte uit!



## HERONDERRIG

Heronderrig vir Gr. 4 – 7 Afrikaans, Engels en Wiskunde vir Kwartaal een is nou afgehandel, ons sal weer Kwartaal 2 begin daarmee.

Baie dankie.



## BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Indien daar enige van ons leerders is wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, wil ons graag ons leerders erkenning gee deur dit met die skool te deel. Hierdie prestasies sal tydens saalperiode bekend gemaak word en op sosiale media geplaas word.

Hiervoor benodig ons die volgende inligting:

- Bewys van prestasie deur middel van 'n geskrewe brief met al die nodige inligting. (Leerder se naam en van, graad, aktiwiteit, datum, plek en prestasie behaal)
- Sertifikate, medaljes en trofees wat ontvang is.

Hierdie inligting moet by Juffrou Walmarie ingehandig word indien dit op 'n Maandag oggend voor skool ingehandig word, sal dit eers met 'n volgende saalperiode oorhandig word.

Leerders kwalifiseer vir 'n buitemuurse balkie as hul Mpumalanga verteenwoordig en daaraan deelgeneem het. 'n Buitemuurse balkie sal slegs toegeken word indien daar 'n brief van die instansie ontvang word, wat die prestasie bevestig.

Let asseblief daarop dat slegs skoolaktiwiteite by die meriete aand beloon word.
Geen kloklui seremonie sal plaasvind vir buitemuurse prestasies nie.




## BIBLIOTEEK

Alle boeke moet teen 18 Maart ingehandig word asb. Die biblioteek sal dan gesluit wees vir die res van Kwartaal 1.
Sal weer open op 15 April.










**Social-Emotional Intelligence: Follow Instructions.**

https://rinalouwclinical.co.za/social-emotional-intelligence-follow-instructions/





## SEKURITEITSKAMERAS

Laerskool Secunda gaan 24 uur per dag, 7 dae ‘n week gemonitor word deur ‘n netwerk van sekuriteitskameras.  Hierdie kameras sal op strategiese plekke regoor die skoolterrrein geïnstalleer word, insluitend die stoepe en ander algemene areas rondom die geboue.  Die doel van hierdie stelsel is om die sekuriteit van ons skool te verbeter, onwettige aksies te voorkom en die algehele veiligheid van ons leerders, personeel en eiendom te verseker.

Die privaatheid van al ons leerders en personeel sal respekteer word, en die kameras sal nie in areas wees wat as privaat of sensitief beskou word nie.  Die inligting wat deur die kameras versamel word, sal gebruik word om die veiligheid te handhaaf en kan gebruik word tydens dissiplinêre ondersoeke.

Ons is van mening dat hierdie stelsel ’n belangrike stap is om ‘n positiewe en veilige skoolomgewing te verseker, en ons waardeer u samewerking en begrip in hierdie saak.

Indien u enige vrae of bekommernisse het, moedig ons u aan om nie huiwerig te wees om ons te kontak nie.

## SKOOL HEROPEN VIR KWARTAAL 2 OP DINSDAG, 8 APRIL 2025

### VAKANSIEDAE IN KWARTAAL 2

| | | |
|---|---|---|
| VRYDAG | 18 APRIL | GOEIE VRYDAG |
| MAANDAG | 21 APRIL | FAMILIE DAG |
| MAANDAG | 28 APRIL | VRYHEIDSDAG |
| DINSDAG | 29 APRIL | SKOOLVAKANSIEDAG |
| WOENSDAG | 30 APRIL | SKOOLVAKANSIEDAG |
| DONDERDAG | 1 MEI | WERKERSDAG |
| VRYDAG | 2 MEI | SKOOLVAKANSIEDAG |
| MAANDAG | 16 JUNIE | JEUGDAG |

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF